# Liturgiese Riglyne

**<u>SONDAGOGGEND 08:00 EN 09:30</u>**

## Ons hoop is altyd op die toekoms gerig

**<u>Skriflesing</u>:**
Lukas 9:51-62

**<u>Teksvers</u>**:
Lukas 9:62

**<u>Sing</u>**:
Ps 118:1, 7
Ps 130:1, 4
Ps 147:4, 5
Ps 126:1, 2, 3
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Prediker**: Ds Lourens Venter

Die jaareinde het aangebreek en vir baie mense is dit 'n groot verligting. Die meeste mense sal sekerlik wil vergeet van 2020 wat die wêreld op sy kop gedraai het. Daarby lê daar nog 'n geweldige groot onsekerheid voor ons. Wat sal tog in 2021 gebeur? Waarop sal ons hoop? Is daar vir ons 'n toekoms?

Niemand kan met sekerheid weet wat volgende jaar gaan gebeur nie. Dit beteken nie dat ons as gelowiges moed opgee en in sak en as gaan sit sonder enige hoop nie! Inteendeel, as van die dissipels met die Here praat oor hoe hulle Hom moet volg, dan sê Hy: *Niemand wat ploeg en agtertoe kyk is geskik vir die koninkryk van God nie...*

Ons staan vanoggend stil by die tema: *Ons hoop is altyd op die toekoms gerig.* Amen

**<u>SONDAGAAND 18:00</u>**

## My begeerte is om God te dien, dan het ek vrede!

**<u>Skriflesing</u>:**
Ex 20:17; Gal 5:13-25

**<u>Teksvers</u>:**
Gal 5:16-18

**<u>HK</u>** Sondag 44

**<u>Sing</u>**:
Lied 202:1,2,3
Ps 139-1:1,12
Ps 73-1:1,10
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Orrelis**: Mariki Lessing
**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

'n Rooms Katolieke Priester het eendag gesê, hy het na duisende mense geluister wat hulle sondes kom bely het, moorde, diefstal, egbreek, steel, laster ens. Hy het van al nege die eerste gebooie belydenisse van oortredings gekry, maar nooit van die tiende gebod nie. Nooit het iemand gesê: "*Ek bely dat ek van verkeerde begeertes brand nie*."

Dit is sekerlik omdat ons begeertes dikwels verborge in ons harte lê waar niemand dit kan sien nie, buiten God. Daarom dink ons ons hoef dit nie te bely nie of dit is dalk nie so erg nie.

Ons begeerte moet daarom wees om te leef volgens die vrug van die Gees. Dit moet ons begeerte wees.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 45 Nr 48 13 Desember 2020**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## *Die Vaders het groen druiwe geëet en die tande van die kinders het stomp geword*

Dit is baie swaar om te dra aan 'n las van die verlede wat jou opgelê word, sonder dat jy self daarvoor verantwoordelik is. Die afgelope week was daar baie geskryf in die openbare media oor die boek: *The lie of 1652* wat onlangs verskyn het. Hiermee maak die skrywer sekere aannames en gevolgtrekkings wat direk toegepas word op vandag.

Dit herinner aan die woorde van die Here deur die profeet Esegiël in hoofstuk 18 dat die ouers (vaders) groen druiwe geëet het en die tande van die kinders het stomp geword. Daarmee verwys die Here self na die spreekwoord van die Israeliete wat voel dat die kinders die las moet dra van die ouers se optrede.

So word vandag se nageslag ook verantwoordelik gehou vir die optrede van voorgeslagte bykans 400 jaar gelede. Is dit billik of regverdig of iemand verantwoordelik te hou vir iets wat hulle nie gedoen het nie? Dit is 'n baie moeilike en soms netelige saak oor presies hoe ons verantwoordelikheid kan neem om die verkeerdhede van die verlede reg te stel? Word die sondes van die vaders dan "gestraf" aan die kinders, die derde en vierde geslag? Of tot aan die duisendste geslag?

Ongelukkig is dit so dat aksies gevolge het. Dit wat jy doen sowel as dit wat jy nie doen nie.

Net so is dit ook waar dat die geskiedenis een ding bewys, dat ons nie leer uit die geskiedenis nie. Immers, niks onder die son is nuut nie, soos die Prediker sê. Om uit ons perspektief terug te kyk na die verlede, is dit baie maklik om sekere dinge duidelik te sien. Dit geld nie net vir ons eie lewe nie, maar ook vir die geskiedenis van die mensdom.

Vervolg op bl 4...

## *ALGEMENE INLIGTING*
### *EREDIENSTYE*

**Die Here sorg!**

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Vry** 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12-Jan | Johan | Wiegand | A11 | 27824986314 |
| 13-Jan | Tersia | Anderson | B10 | 27825543061 |
| | Mari | Burger | C03 | 27837152393 |
| | Frikkie | Coetzer | B09 | 27826020674 |
| | Letitia | Jonker | A10 | 27731438967 |
| | Juan | Nagel | C10 | 27847278436 |
| | Louwrens | Roets | C11 | 27825608209 |
| | Hans | Visser | C05 | 27834144810 |
| 14-Jan | Hannelie | Swanepoel | C09 | 27834119949 |
| | Elizabeth | vd Merwe | A08 | 27606089857 |
| | Rita | vd Vyver | B08 | 27835331999 |
| | Riaan | v Schalkwyk | B14 | 27724364763 |
| | Annatjie | van Wyk | A13 | 27731242327 |
| 15-Jan | Steven | Briers | A01 | 27823715383 |
| | Jan | du Plessis | B11 | 27723723601 |
| | Madi | Hugo | B15 | 27828951364 |
| | Theo | Venter | A02 | 27842004733 |
| 16-Jan | Calvyn | Badenhorst | B14 | 27723405753 |
| | Elsa | du Toit | C13 | 27842519116 |
| | Jan | Venter | B17 | 27828389848 |
| | Bets | Wallace | B06 | 27848863478 |
| 17-Jan | Dean | Aucamp | B12 | 27724337051 |
| | Eljé | Oosthuizen | A04 | 27766307006 |
| | Pieter | Smith | A10 | 27824823596 |
| | Marieke | Zeevaart | B15 | 27814765585 |
| 18-Jan | Eric | Guldemond | A08 | 27836406138 |
| 20-Jan | Talitha | Buys | B09 | 27745165630 |
| | WD | le Roux | B04 | 27832775854 |
| | Amanda | Swanepoel | B09 | 27722698605 |
| 21-Jan | Hendrik | Bornman | C10 | 27724682973 |
| 22-Jan | Janina | de Beer | B03 | 27729424218 |
| | Mariana | Pelser | B15 | 27826544789 |
| | Koos | van Zyl | B05 | 27825795853 |
| 23-Jan | Engel | de Jonge | B12 | 27828077883 |
| | Alme | Hugo | B15 | 27828951364 |
| | Andre | Kirsten | C14 | 27845133995 |
| | Baby | Viljoen | A06 | 27837787870 |

### *DOOPLIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 15 Des | Jean | du Toit | C10 | 27827287312 |
| 16 Des | Marissa | Zeevaart | B15 | 27813655523 |
| 17 Des | Lienka | Groenewald | B02 | 27828195947 |
| 18 Des | Nancy | Coetzee | B14 | 27824195552 |
| 19 Des | Juané | le Roux | B13 | 27782924646 |
| 20 Des | Tine | Burger | B17 | 27737223587 |
| | Annabelle | Steyn | B08 | 27769051505 |
| 21 Des | Reane | Kirsten | C14 | 27720821547 |
| | Louis | van Wyk | B15 | 27766487423 |
| 22 Des | Karel | van Rooyen | C15 | 27825763536 |
| 23 Des | Ruben | le Roux | C09 | 27828506459 |
| | Cianna | vd Walt | C15 | 27723052323 |
| 29 Des | Vianri | de Jager | B17 | 27829240529 |
| | Carlo | Jordaan | C09 | 27722278645 |
| 01-Jan | Karlijn | Rebel | A01 | 27846100170 |
| 02-Jan | Daniël | Erasmus | C09 | 27828833389 |
| 03-Jan | Eben | Bond | B04 | 27832599446 |
| | Eben | Cronje | C05 | 27763079223 |
| 04-Jan | Carli | du Plessis | B10 | 27723281849 |
| | Gerhard | Roets | C11 | 27833805383 |
| 06-Jan | Chanelle | du Plessis | B11 | 27763133738 |
| 08-Jan | Christian | Deist | B15 | 27724136860 |
| 12-Jan | Migael | Johl | B06 | 27832991013 |
| 14-Jan | Zinnaé | Basson | B09 | 27828022150 |
| 15-Jan | Clarence | Erasmus | C09 | 27828833389 |
| | Francois | Kirsten | C14 | 27720821547 |
| 18-Jan | Divan | Loots | A08 | 27612662161 |
| | Latha | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| 19-Jan | Ewan | vd Walt | E01 | 27825673643 |
| | Louisa | van Zyl | C13 | 27832724884 |
| 20-Jan | Ruan | Loots | A08 | 27612662161 |
| 21-Jan | Miané | vd Riet | C15 | 27829246759 |
| 22-Jan | Danika | Snyman | B10 | 27835175803 |
| 23-Jan | Wilmari | Hoffmann | A02 | 27798940792 |
| | FC | Louw | C14 | 27824189113 |
| | Theo | Zeevaart | B15 | 27813655523 |

# VERJAARSDAE

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

**BELYDENDE LIDMATE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13 Des | Liza | Smit | A03 | 27764666415 |
| | Charles | v Merwe | C02 | 27725451422 |
| 14 Des | Larissa | Erasmus | A10 | 27846741108 |
| | Melanie | Silvis | A05 | 27824663651 |
| | Kobie | v Niekerk | C06 | 27832699113 |
| 15 Des | Billy | du Toit | C13 | 27822121372 |
| | Bertie | v Jaarsveld | B03 | 27846262425 |
| 16 Des | Martie | Malan | B07 | 27722457232 |
| | Willem | Visser | B19 | 27824526377 |
| | Leendert | Wattel | A12 | 27824154611 |
| 17 Des | Johanndri | de la Porte | A12 | 27823798533 |
| 18 Des | Lucie | Louw | A10 | 27723353807 |
| | Christo | van Staden | A15 | 654 1851 |
| 19 Des | Jaconette | de Kock | B01 | 27833767149 |
| | Minnie | Venter | A15 | 651 4004 |
| 20 Des | Dora | du Plessis | C08 | 27834556546 |
| | Marno | Hermann | A02 | 27790627397 |
| 21 Des | Christiaan | Potgieter | B04 | 27823536618 |
| | Philmi | v Antwerpen | A08 | 27835564276 |
| | Phia | van Helden | A05 | 27825416388 |
| 22 Des | Herman | Prinsloo | B04 | 27834086892 |
| | Koos | Strydom | C05 | 27829044659 |
| 23 Des | Marthinus | Krynauw | B13 | 27826455931 |
| | Magda | Saaijman | E01 | 27719981534 |
| | Marlet | Schutte | B09 | 27826874885 |
| | Danie | vd Walt | B03 | 27836259778 |
| 24 Des | Ronnie | Anderson | B10 | 27828054666 |
| | Edna | de Beer | C07 | 27834156625 |
| | Gerrit | Etsebeth | B13 | 27733355944 |
| | Carel | Impey | B18 | 27829284751 |
| | Nico | Maritz | A01 | 27823825906 |
| | Martie | Vilas | C14 | 27716830348 |
| 25 Des | Rita | Erasmus | C04 | 27723314876 |
| | Esme | vd Berg | C15 | 27833816428 |
| 26 Des | Shepard | Lekala | E01 | 27788206860 |
| 27 Des | Esme | Groenewald | B02 | 27828724878 |
| | Helgard | Meyer | C06 | 27825772538 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28 Des | Tewie | Human | B05 | 27735195594 |
| | Ludolf | Kniep | B07 | 27836575792 |
| 29 Des | Karen | Joubert | A01 | 27747785910 |
| | Jennipher | Sekhoto | E01 | 27783302942 |
| 30 Des | Louis | v Staden | A15 | 27842510138 |
| | Marie | Venter | C13 | 27832735642 |
| 31 Des | Annetjie | Celliers | A14 | 27721233573 |
| | Lize | Dekker | B18 | 27824151034 |
| | Cornelia | Lee | A09 | 27721327694 |
| | Christine | Lourens | A10 | 27734855152 |
| | Chris | Smit | A14 | 27825577655 |
| 01-Jan | Ruan | Badenhorst | A02 | 27823287747 |
| | Marja | Myny | C07 | 27823450657 |
| | Eugene | Pretorius | A12 | 27760250554 |
| 02-Jan | Dion | le Roux | C09 | 27798907457 |
| 03-Jan | Susan | Hoogenboezem | A03 | 27723266548 |
| | Jan | Reinecke | B04 | 27845803456 |
| 04-Jan | Minnette | de Beer | C10 | 27834693637 |
| | Marnus | du Plessis | B09 | 27832812628 |
| | Anika | Lindeque | A10 | 27823337315 |
| 05-Jan | Dehan | Pohl | A10 | 27731723926 |
| | Gerrie | Viljoen | B15 | 27823784967 |
| 06-Jan | Karlien | Botma | B03 | 27728993144 |
| | Jeanette | Breed | A06 | 27829218684 |
| | Orne | Kruger | C04 | 27713536938 |
| | Thinus | Smuts | A14 | 27794231623 |
| | Helena | vd Merwe | A07 | 664 8087 |
| | Corlea | vd Walt | B03 | 27834784480 |
| 07-Jan | Juan | Harmse | B01 | 27824621839 |
| | Karli | Snyman | B17 | 27733404004 |
| 08-Jan | Doret | Pretorius | C14 | 27716817910 |
| | Oerka | van Tonder | C04 | 27828286119 |
| 09-Jan | Fanie | Krynauw | B13 | 27825618476 |
| | Willemien | Kurpershoek | A02 | 27843676638 |
| 10-Jan | Susan | van Rooyen | B08 | 27725896744 |
| 11-Jan | Riana | Carstens | C04 | 27826333522 |
| | PW | Groenewald | B02 | 27828990342 |
| | Hennie | Pretorius | A03 | 27827702213 |
| | Louise | vd Walt | A11 | 27795030901 |



# Ons gee om vir Mekaar

*"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1*

- Fanie de Bruin sterk aan na 'n knie-operasie in Unitas hospitaal (A2—060 655 4047).
- Andre Celliers sterk aan na 'n ernstige longoperasie (A14—660 0952).
- Jaap Hoogendoorn sterk aan na 'n operasie (B16—664 6385).
- Meelewing word betuig met:
  - Riaan en Heleen van Schalkwyk en familie na die afsterwe van Riaan se vader.
  - Familie en vriende van Tina Minnaar (oud lidmaat) wat gedurende die week begrawe is.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

- ♥ Pieter en Melicia van Rooy met die doop van Elizmari vanoggend.
- ♥ Jaco en Camilla Pretorius met die geboorte Mieke.

# Kersdag

Die erediens op Kersdag begin om 08:00

# GTA Uitstappie

Ons uitstappie na Hennops Pride vind plaas op **Saterdag, 23 Januarie 2021**.
Kom kuier saam!!

## Predikante aan diens tydens skoolvakansie

Ds Maarten van Helden
Ds Gerrit Kruger is terug van verlof vanaf 18 Jan en
Ds Lourens Venter vanaf 10 Jan

**Skakel gerus indien u probleme/siekte/hospitalisasie besoeke wil ontvang**

Kerkkantoor open weer **18 Januarie 2021**

**Die volgende Kommunikaatjie verskyn: Sondag, 24 Januarie 2021**

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 word tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

... vervolg van bl 1

Dit maak die koms van ons Here Jesus so belangrik en merkwaardig. Dat ons vergewe word vir ons verkeerdhede en sondes, en dat ons deur ons lewens te verander, sekere dinge kan regstel. Vergifnis is sekerlik een van die kragtigste dade wat 'n mens se lewe verander.

Daarom leer ons Here Jesus ons om te bid: *vergewe ons ons skulde net soos ons ons skuldenaars vergewe...*

Dink maar aan die swaar las wat soveel mense dra omdat hulle nie kan vergewe nie, omdat hulle nie kan vrede maak met die verkeerdhede en sondes van ander mense nie. En soms ook nie met hulle eie sondes nie.

Die kruisiging van ons Here Jesus Christus bring elke mens voor vergifnis en oordeel. Die twee misdadigers neem elkeen hul eie standpunt in. Die een wat pleit om vergifnis en genade, die ander een wat veroordeel. Die dissipels wat vlug en verraai en verloën word gekonfronteer met skuldgevoelens. Petrus wat pleit om genade en in trane uitbars en Judas wat nie kan vrede maak met wat hy gedoen het nie...

As ons binnekort Kersfees vier, dan dink ons terug aan die verlede. Aan die onreg wat Jesus aangedoen is. Hy wat sonder sonde is, moes sterf ter wille van ons s'n. Maar Hy verkwalik ons nie daaroor nie, Hy gee ons nuwe hoop en nuwe moed. Niemand wat ploeg en agtertoe kyk is immers geskik vir die koninkryk van God nie.

Lourens Venter (vdm)

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid. (664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

Vir enige **Sekwestrasie of Skuldberading** navrae kontak Rietha Maritz by 072 118 3258. Gratis konsultasie. NCRDC444.

**Ruim Tuinwoonstel** te huur - Eldoraigne, R6000pm (wl & Wifi ingesluit). 1 of 2Sk; bk; sitkamer; kombuis – oopplan. Onderdak parkering; buitebraai; alarm. Geen kinders of troeteldiere. Phia Lombard 083 454 9358.

Is u lus vir 'n lekker Kers Aand uit? Stephan van der Walt bied aan: **ALL WRAPPED UP!** 'n Kers Revue gepaard met 'n driegang maaltyd, in samewerking met OppiStoep Gastehuis en Tuishuis Lodge. Vir besonderhede en besprekings, gaan asb na www.thesuitcaseclub.co.za/allwrappedup.html

## Rooihuiskraal Geloftefees 2020

Rooihuiskraal geskiedkundigeterrein (Rooihuis-kraalweg) in die Groot Stal op **Woensdag, 16 Desember om 9:00.**

Bring asseblief kampstoele en sonsambrele saam.

Ds. Gideon du Toit van NG Kerk Lyttelton-Noord lei die Geloftediens uit Psalm 3 en die feesrede word gelewer deur Zieg van Huyssteen van die FAK.

Vrugtesap en koekies sal na die verrigtinge beskikbaar wees.

Kontakpersone: Paul Retief (082 562 9845)
Charl van den Bergh (072 698 7956)



## Eljada Huis

Baie dankie vir al die items wat ons ontvang het. Ek dra elke gesin se dankbaarheid oor aan almal wat hulle harte so oopgemaak het. Ons versorg huidiglik 40 gesinne - 121 lede en dit wissel nog steeds van week tot week.

<u>Kospakkies oor die feestyd</u>: Og items kan geskenk word. Eljada Huis sal dan self vir die gesinne pak. Elke bietjie maak baie en stel hulle in staat om groot verligting te bring onder behoeftige gesinne:

Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, mabella, hawermout, mieliemeel, macaroni, spaghetti, mielierys, stampmielies, rys, koekmeel, suurdeeg, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, asbliksakke, jellie, vla, koekies, lekkers, aanmaakkoeldrank. Volledige nuusbrief van Eljada is op die kennisgewingbord.

Volledige nuusbrief is op die kennisgewingbord.

Hennie vd Vyver 078 442 40421

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608

## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate versoek om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om 08:00 en 09:30. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om 18:00.

Ongelukkig is die pandemie nog in ons midde en lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

| 13 Desember | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A01 tot A08 | A09 tot A16 |
| B01 tot B10 | B11 tot B19 |
| C01 tot C08 | C09 tot C15 |

## OGGEND-EREDIENSTE GEDURENDE DIE SKOOLVAKANSIE

Vanaf **20 Des tot 10 Jan** sal daar slegs een oggend-erediens om <u>**09:00**</u> wees.

Ons hervat weer die twee oggend-eredienste vanaf 17 Januarie 2021.

| 17 Januarie 2021 | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A09 tot A16 | A01 tot A08 |
| B11 tot B19 | B01 tot B10 |
| C09 tot C15 | C01 tot C08 |

| 24 Januarie 2021 | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A01 tot A08 | A09 tot A16 |
| B01 tot B10 | B11 tot B19 |
| C01 tot C08 | C09 tot C15 |